

WEEK 20

Die keuse

ONS KAART

Regdeur Spreuke hou Salomo aan om ons te waarsku van die keuse tussen die wyse pad en die dwase pad. Die week kyk ons na 'n paar insetsels wat ons voor 'n keuse stel tussen die twee paaie.

VERS VIR DIE WEEK: Spreuke14:27

MAANDAG

Spreuke 14:1-5: Dwase leuens

1. Wat is die verskil tussen 'n getroue getuie en 'n valse getuie (v.5)?

'n Valse getuie vertel leuens terwyl 'n getroue getuie die waarheid vertel.

2. Wie is die mees getroue getuie (Openbaring 1:5)

Die Here Jesus Christus

- Jesus Christus is ons model van 'n getroue getuie wat ons die waarheid oor alles vertel
- Vra Jesus om jou ook 'n getroue getuie te maak

DINSDAG

Spreuke 14: 6-11: Dwase gespot

1. Hoe reageer dwase tot offers vir sonde (v.9)?

Hulle lag daarvoor.

2. Watter sondes lag jy partykeer voor?

...

- Een van die mees dwase dinge wat ons kan doen, is om vir sonde te lag.
- Vra God om ons te help om ons sonde ernstig op te neem.

WOENSDAG

Spreuke 14: 12-16: Dwase vertrou

1. Wat doen 'n wyse mens (v.16)?

Hulle vrees en wyk af van die kwaad.

2. Wat doen dwase mense (v.16)?

Hulle is vol selfvertroue oor hulle sonde.

- Om op jouself te vertrou is dwaas, om op God te vertrou is wys.
- Vra God om ons vertrou in Hom te versterk.

DONDERDAG

Spreuke 14:17-21: Wyse liefde

1. Wat sal jou gelukkig maak (v.21)?

Om vrygewig teenoor die armes te wees.

2. Hoe kan jy vrygewig teenoor die armes wees?

Gee kos vir die liggaam en kos vir die siel.

- God is barmhartig teenoor ons en Hy roep ons om barmhartig te wees teenoor ander.
- Dank God vir Sy barmhartighede teenoor ons en bid vir genade dat jy dieselfde vir ander sal doen.

VRYDAG

Spreuke 14: 22-29: Wyse vrees

1. Wat is die vrees van die Here (v.27)?

'n Fontein van die lewe

2. Lees vers 29 en vra jouself of jy wys of dwaas is volgens hierdie standaard.

⋮

- Een van die grootste tekens van wysheid is om geduldig te wees en lankmoedig.
- Bely ons dwase woede en vra God om ons geduldig te maak.

SATERDAG

Spreuke 14: 30-35: Wyse nasie

1. Wat sal 'n nasie grootmaak (v.34)?

Geregtigheid, dit is gehoorsaamheid aan die wet.

2. Hoe kan ons ons gesondheid verbeter (v.30)?

Deur 'n reine hart te hê en weg te draai van sonde.

- Gehoorsaamheid lei gewoonlik tot 'n gesonde liggaam en gesonde nasie.
- Bid vir gehoorsaamheid vir onself en ons nasie.

SONDAG

Lees die teksvers van die prediking vanoggend.

Wat het jy geleer oor God?

Wat het jy geleer oor sonde?

Wat het jy geleer oor Jesus?

Wat het jy geleer oor die lewe?

Wat was die groot les vir jou uit die preek?

Wartoe lei die preek ons om voor te bid?